Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

# INFO 13/2026

7 Augustus 2026

## Van die skoolhoof

### Integriteit

**Lukas 16:10: "Hy wat getrou is in die minste, is ook in die grote getrou."**

Die afgelope tyd is ons baie bewus van die Madlanga Kommissie waar skrikwekkende verhale van korrupsie, bedrog en misdaad voor ons oë ontvou. Dit kan ons maklik laat voel asof **integriteit** skaars geword het. Juis daarom is dit nodig dat ons weer vra: Wat beteken **integriteit** werklik?

Die woord **integriteit** hou verband met die Latynse woord integer, wat "heel" of "ongeskonde" beteken. In wiskunde verwys 'n integer na 'n heelgetal—iets wat nie in breukdele opgebreek is nie. Hierdie beeld help ons om **integriteit** beter te verstaan: 'n mens met integriteit leef nie 'n verdeelde lewe nie. Sy geloof, woorde en optrede vorm 'n geheel. Hy is voor mense dieselfde persoon as wanneer niemand hom sien nie.

Bybelse **integriteit** begin by 'n onverdeelde hart wat op die Here gerig is. Dit is nie bloot goeie karakter of ordentlike gedrag nie. Ware **integriteit** vloei uit 'n hart wat deur God vernuwe word. Ons leef opreg, nie om deur mense raakgesien te word nie, maar omdat ons aan Christus behoort en Hom ook in ons kleinste keuses wil eer.

**Integriteit** word juis in die alledaagse bewys: wanneer niemand kyk nie, wanneer 'n fout erken moet word, wanneer 'n belofte nagekom moet word en wanneer dit makliker sou wees om 'n kortpad te kies. So herinner **Lukas 16:10** ons dat getrouheid in die klein dinge die maatstaf van getrouheid in die groot dinge is.

In 'n skoolgemeenskap is **integriteit** onmisbaar, want vertroue groei waar woorde en dade ooreenstem. Onderwysers kan nie van leerders verwag om hard te werk, betyds te wees en verantwoordelik op te tree as hulle dit nie self uitleef nie. Kinders sien vinnig wanneer daar 'n verskil is tussen wat gesê en wat gedoen word. Sonder geloofwaardigheid kan geen diep vertrouensverhouding groei nie.

Vir elkeen van ons persoonlik beteken **integriteit** dat ons ons beloftes, verantwoordelikhede en afsprake nakom. Dit vra dat ons eerlik met onsself sal wees, nie ons foute sal rasionaliseer of verskonings sal fabriseer nie, en nie verskillende maatstawwe vir onsself en ander sal gebruik nie. Dit beteken ook dat ons waak teen enige verdraaiing van die waarheid.

Van klein tot groot word ons geroep om nie verdeelde lewens te lei nie. In die klaskamer en daarbuite, op die sportveld, by die werk, in die kerk en in die samelewing moet ons woorde, keuses en dade een geheel vorm. Só verheerlik ons die Here, dien ons mekaar en bou ons aan gesinne, skole en gemeenskappe waarin vertroue kan groei.

*Saskia Meijer*



## Beplanner

**10/03:** Vakansiedag

**13/03:** HS Leiersidentifiseringskamp

**13/03:** HS Kunsuitstalling

**13/08:** Sagtebal te FH Odendaal

**14/08:** 0/10 - 0/13 Hokkie vs Laerskool Louis Leipoldt

**15/08:** Die Krans Mini-hokkiedag

**17/08:** Laerskool Tennisliga

**17/08:** 0/13- en 0/9-hokkie vs CCL

**18/08:** HS Toetsreeks begin

**19/08:** Skaak vs Laerskool Totiusdal

**21/08:** Sagtebal vs AHMP C

**22/08:** CBC Mount Edmund Mini-hokkiedag

# ALGEMEEN

## Ons verwelkom proefstudente

Dit is vir ons ’n voorreg om ’n hele span onderwysproefstudente van Aros en AP Akademie by die Gereformeerde Skool Dirk Postma te verwelkom. Een van hulle is juffrou Suzilna Wepener wat reeds by ons in diens is, maar ook haar NGOS by Aros voltooi. Dr Magda Diedericks is goed by ons bekend, benewens die feit dat sy ’n ouer is, is sy ook ’n dosent by Aros wat tans besig is met ’n NGOS. Beide proef by die hoërskool. Mnr Nathan Edwards en Nuscha Buekes proef ook by die hoërskool.

Mnr Werner Bezuidenhout, Me Rene Jooste en Me Ineke Bijker (afwesig) proef by die Laerskool.

Ons vertrou dat hierdie praktiese ervaring vir elke student ’n waardevolle geleentheid sal wees om te groei, te leer en kosbare ervaring in die onderwysberoep op te doen. Ons leer ook graag by julle.



## Dirk Postma behaal tweede plek in die RoboMission Junior-afdeling tydens internasionale robotika-kompetisie

Die afgelope Saterdag, 1 Augustus, het Hendrik Boersema, Etienne van Alten en Lemar Boersma Gereformeerde Skool Dirk Postma by die Gauteng-provinsiale rondte van die World Robot Olympiad by Curro Aurora in Randburg verteenwoordig.

Die World Robot Olympiad is 'n internasionale robotika-kompetisie. Meer as 70 000 spanne uit meer as 95 lande neem elke jaar in verskillende wêrelddele daaraan deel. Vanjaar se tema is "Robots Meet Culture" dit het alles te doen met robotte wat help om ons kultuur en erfenis te bewaar.

In die RoboMission Junior-afdeling moet 'n span van twee of drie leerders 'n robot bou én programmeer wat heeltemal op sy eie kan werk. Geen afstandbeheer nie. Die robot moet 'n baie spesifieke grootte wees en nie swaarder as 1,5 kilogram weeg nie.

Die naam van hierdie jaar se opdrag is "Heritage Heroes". Die robot moet op 'n kaart van 'n ou vesting hoog bo die see ry. Hy moet verskillende "missions" doen - besoekers begelei, gebreekte torings herbou, paadjies skoonmaak en kosbare museumstukke veilig na die museum vervoer — alles binne twee minute.

Voor elke rondte word die veld bietjie verander, sodat mens nie net een kode kan skryf nie. Aan die begin van die dag word daar ook 'n verrassingsreël afgekondig wat die spanne nog nooit vantevore gesien het nie.

Dirk Postma se span het nogal die verrassingreël en 'n hele stuk van die uitdaging reggekry en daardeur tweede plek in die RoboMission Junior-afdeling vir die dag behaal.

Die skool gee die eer aan die Here vir die gawes wat Hy gee en die geleentheid om dit te gebruik.

Die Nasionale Finaal vind op 12 September in Gauteng plaas, en die top-spanne op die nasionale ranglys word teen einde Augustus daarheen genooi.





# Kleuterskool

**Neem kennis van die volgende datums:**

**10 Aug:** Vakansiedag

**28 Augustus:** Snoepie op die stoepie

**1 September**: Vrolike voetjiesdag

**18 September**: Oupa-en-oumadag

**19 September:** Witolifantverkoping

**22 September:** Oueraand

**23 September:** Skool sluit

**19 November:** Gradeplegtigheid

**26 November:** Kuierdag vir nuwe kleuters (2027)

# Laerskool




## 0/5 - 0/8 Krieket

Little Titans Krieket nooi alle 0/5 – 0/8 seuns en meisies uit om saam te kom krieket speel. Die 0/5 speel saam met die 0/6 maats

Oefeninge vind plaas op Maandae en Woensdae om 17:00 – 18:00 by Laerskool Totiusdal.


Saterdae word wedstryde gespeel – die eerste wedstryd vind al Saterdag, 15 Augustus plaas.

Kostes is R380 per seisoen en ongeveer R200 vir 'n hempie waarin wedstryde gespeel word.

Vir meer inligting, kontak mnr. Gerhard de Wit 084 405 0604

# Laerskool

## Dogterskrieket



Laerskool Totiusdal nooi alle dogters van 0/9 - 0/13 uit om saam te kom dogterskrieket speel.

Oefening: Maandae en Woensdae 17:00 tot 18:00

Kom oefen saam en kyk of jy daarvan hou.

# TOETSROOSTER

## Kwartaal 3 (2026)

| DAG | GRAAD 4 | GRAAD 5 | GRAAD 6 | GRAAD 7 |
|---|---|---|---|---|
| **Do. 3 Sep.** | Engels | Engels | Engels | Engels |
| **Di. 8 Sep.** | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans |

Die ander vakke vorm nie in hierdie kwartaal deel van die toetsreeks nie, maar wel deel van die deurlopende assessering, projekte en klastoetse.



## ’n Laaste dankie

Dankie aan elkeen wat deel was van vanjaar se skoolkonsert, *Sprokie vir ’n Stadskind!* Dankie aan ons leerders wat met soveel toewyding hul stories tot lewe gebring het, aan die onderwysers vir julle harde werk en pret op die verhoog, en aan elke ouer en familielid wat opgedaag het om ons kinders te ondersteun. Dankie ook aan almal agter die skerms wie se bydrae hierdie aand moontlik gemaak het. Soos juf Saskia gesê het: elkeen se bydrae vorm deel van ’n groter geheel. Bo alles, dankie aan die Here vir die talente wat Hy aan elkeen geskenk het.





Lara Botha



# Hoërskool

## Terugkyk na tienertoneel

Met groot opwinding en entoesiasme het 14 Dirkies Dinsdag 4 Aug. die verhoog van die UNISA-Kleinteater betree!

Daar is 22 produksie en 482 deelnemers aan die Gauteng streeksfees twee en natuurlik meer as 350 ander produksies wat landswyd deelneem. (In Gauteng alleen is daar vier streeksfeeste.)
Ons het net 45 minute gehad om die verhoog reg te kry en ligte en klank in te stel! En presies om 14:10 het die verhoog begin asemhaal! Almal het as 'n span saamgewerk en siedaar ons toneel het werklik 'n lewe van sy eie gekry.

In die mentorsessie het ons pragtige komplimente en opbouende kritiek ontvang. Mens kon sien die twee beoordelaars, H. Brothwick en B. Le Roux-Wahl, het intens geluister na ons optrede en dat hulle die stuk gelees het.

Die ATKV het die oggend van 5 Aug. al ons sertifikate gestuur. Hulle aanbieding van hierdie kompetisie is werklik puik! Wonderlik dat iets in SA nog op geoliede wiele verloop!

Elke deelnemer, akteur, tegnies en werker agter die verhoog, het 'n sertifikaat vir deelname gekry. Daarby het ons bronsmedaljes gekry vir ons keuse van toneelstuk, die regie, beligting, klank en Alisha het ook brons vir haar toneelspel verower!

Ons is opreg dankbaar vir die gawes en talente wat ons leerlinge ontvang het! Harde werk, deursettingsvermoë en die ouers se ondersteuning was onontbeerlik. Baie dankie!

Graag bedank ek ook die volgende persone of instansies:
- Mnr. Marco vir sy hulp met vervoer en tegniese sake.
- Johannes van der Meer wat vir ons die rolverhoog en trap gemaak het.
- Daleen Gouws van Edge Communications vir die donasie om 'n professionele beligtingskonsultasie te laat doen
- Heinrich Goodey (oud-leerling) wat tyd afgestaan om as klanktegnikus op te tree.
- Die toneelouers en skoolgemeenskap wat bydraes gestuur het vir "props" en dekor.





# Hoërskool

## Fotodag

Die hoërskool se fotodag vind op **Woensdag 19 Augustus 2026** plaas.

Individuele, klas-, en buitemuurse foto's word geneem. Leerlinge moet asseblief in korrekte wintersdrag geklee wees. Vir buitemuurse foto's moet hul die nodige klere daarvoor saambring, soos die afrigters met hul gereël het.



## Sagtebal

Veels geluk aan die sagtebalspan.

Hulle het Donderdagmiddag teen Hoërskool Erasmus te staan gekom en hulle 11-7 geklop.




Wen Wetenskap & Wiskunde / Win Science & Maths.

**Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap Pakkette:**

- Teorieboek met opsommings, vrbe & verduidelikings.
- Flashy Flitskaarte.
- 20 Eksamen Vraestelle met Memo's.

**Grade 10 to Grade 12 Science Combos:**

- Theory Book with summaries, examples and step by step explanations .
- 20 Exam Papers with Answer Sheets.
- Flashy Flash Cards.

**Graad 8 tot Graad 12 Wiskunde Pakkette:**

- Eksamenhulp Vraestelle met Memo's.
- Helena se Teorieboek (Slegs Graad 10 tot Graad 12).
- X-Faktor Werkskaarte en Opsommings.

**Grade 8 to Grade 12 Math Combos:**

- Examination Aid Exam Papers with Answer Sheets.
- X-Factor Worksheets and Summaries.

LISTEN TO THE PODCAST OF HELENA SPEAKING ON RSG ON THIS LINK

PLEASE VISIT
HTTPS://WENWETENSKAP.CO.ZA
HELENA - 0845103373
HV.VERWEY@GMAIL.COM

# KUMON
## VILLIERIA

# KLEIN TREË. STERK FONDASIES. GROOT VORDERING.

**Nou oop in Waverley Plaza**

Help jou kind om met selfvertroue en onafhanklikheid te leer!

## WISKUNDE

Bou 'n sterk grondslag en verbeter spoed, akkuraatheid en probleemoplossingsvaardighede.

## ENGELS

Ontwikkel woordeskat, leesbegrip, grammatika en selfvertroue in Engels as 'n tweede taal.

## KUMON CONNECT

Die bekende Kumon-werkkaarte - nou beskikbaar digitaal op tablet - met maklike indiening en deurlopende terugvoer.

Scan me!

**Bespreek 'n gratis assessering**

076 781 3428

https://www.kumon.co.za/book-assessment/villieria

# Snapscan Kodes

GSDP-SKOOLFONDS

<u>Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:</u>

EFT

D6-toep

Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

GSDP-BOUFONDS

## Ondersteun GSDP & Herwinning

### Blits




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### My school

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### Pick n Pay, Waverley Plaza

Pick n Pay Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: Glasprojek

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2026 te wees.**

